Bylaag A – DBV (Vrygestel)

DIVIDENDBELASTING:

Verklaring & Onderneming om gemaak te word deur die voordelige eienaar van ’n dividend (VRYGESTEL VAN BELASTING)

Notas ten opsigte van voltooiing van hierdie vorm:

- Hierdie vorm moet voltooi word deur die voordelige eienaar (van dividende, insluitend dividende *in specie*) vir die vrystellings van dividendbelasting verwys na in artikel 64F saamgelees met artikels 64FA(2), 64G(2) of 64H(2)(a) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet Nr 58 van 1962) (‘die Wet’) om van toepassing te wees.

- Om te kwalifiseer vir ’n vrystelling moet hierdie verklaring en skriftelike onderneming ingedien word by die agent verantwoordelik om die belasting terug te hou (verklarende maatskappy of gereguleerde tussenganger) binne die periode vereis deur laasgenoemde (mits dit voor betaling van die geaffekteerde dividend geskied) – versuim in hierdie verband sal daartoe lei dat die volle 20% dividendbelasting teruggehou word.

- Voordelige eienaars wat nie Suid-Afrikaanse inwoners vir belastingdoeleindes is nie en vir ’n verminderde koers mag kwalifiseer, moenie hierdie vorm voltooi nie. Gebruik asseblief Vorm DBV(VK).

Deel A: Terughoudingsagent

Geregistreerde naam: **ACORN AGRI AND FOOD LIMITED**

Dividendbelasting verwysingsnommer: **9038/032/02/6**

Kontakbesonderhede: **028 214 3800**

Deel B: Voordelige eienaar

(Hierdie deel moet voltooi word deur die persoon wat geregtig is op die voordeel van die dividend gekoppel aan ’n aandeel/aandele)

Volle name & van / Geregistreerde naam : _____

Aard van persoon / entiteit:
(Merk asseblief met ‘X’)

☐	Individu
☐	Genoteerde maatskappy
☐	Ongenoteerde maatskappy/Beslote korporasie
☐	Trust (enige tipe)
☐	RSA Regering, Provinsiale Administrasie, Munisipaliteite
☐	Uittreefonds (Pensioen, Voorsorg, Bystand, Uittree-annuïteitsfonds ens)
☐	Ander (indien gemerk, verskaf asseblief ’n beskrywing – verduideliking van die aard van die entiteit / persoon):

Identiteit / Paspoort / Registrasie nommer: _____

Geboortedatum / inlywingsdatum: _____

Suid-Afrikaanse inkomstebelasting verwysingsnommer:_____

Woon/besigheidsadres: _____

Posadres: _____

Land waar 'n inwoner vir belastingdoeleindes: _____

Deel C: Vrystelling

(Hierdie deel moet voltooi word deur die persoon wat geregtig is op die voordeel van die dividend gekoppel aan 'n aandeel/aandele.)

Dui asseblief aan om watter rede die voordelige eienaar vrygestel is van dividendbelasting:
(Merk met 'X' in die linkerkantse kolom teenoor die relevante vrystellingstatus)

	Par *(a)* – 'n maatskappy of beslote korporasie wat 'n inwoner van Suid-Afrika is
	Par *(b)* – die Regering, Provinsiale regering of munisipaliteit (van die Republiek van Suid-Afrika)
	Par *(c)* – 'n openbare weldaadsorganisasie (goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens itv artikel 30(3) van die Wet)
	Par *(d)* – 'n trust soos beoog in artikel 37A van die Wet (mynbou rehabilitasie trusts)
	Par *(e)* – 'n vereniging, liggaam, of raad soos beoog in artikel 10(1)(cA) van die Wet
	Par *(f)* – 'n fonds soos beoog in artikel 10(1)(d)(i) of (ii) van die Wet (pensioenfonds, pensioenbewaringsfonds, voorsorgsfonds, voorsorgbewaringsfonds, uittree-annuïteitsfonds, begunstigde fonds of bystandsfonds)
	Par *(g)* – 'n persoon soos beoog in artikel 10(1)(t) van die Wet (WNNR, SANRAL ens)
	Par *(h)* – 'n aandeelhouer van 'n geregistreerde mikro-besigheid soos gedefinieer in die Sesde Bylaag tot die Wet, tot die mate wat die totale bedrag van die dividende betaal deur die geregistreerde mikro-besigheid aan sy aandeelhouers gedurende die jaar van aanslag waarin die dividend betaal is, nie R200,000 oorskry nie.
	Par *(i)* – 'n persoon wat nie 'n inwoner is nie en die dividend is 'n dividend beoog in paragraaf *(b)* van die definisie van "dividend" in artikel 64D (maw 'n dividend van 'n buitelandse maatskappy waarvan die aandele genoteer is in SA, bv maatskappy met 'n sekondêre notering in SA)

VERKLARING in terme van artikel 64FA(1)(a)(i), 64G(2)(a)(aa) of 64H(2)(a)(aa) van die Wet:

Ek _____ (*volle name en van in drukskrif asseblief*), die ondergetekende verklaar hiermee dat die dividende betaal aan die voordelige eienaar vrygestel is, of vrygestel sou gewees het as dit nie 'n uitkering van 'n bate *in specie* was nie, van dividendbelasting in terme van een van die paragrawe van artikel 64F van die Wet, soos aangedui hierbo.

ONDERNEMING in terme van artikel 64FA(1)(a)(ii), 64G(2)(a)(bb) of 64H(2)(a)(bb) van die Wet:

Ek _____ (*volle name en van in drukskrif asseblief*), die ondergetekende onderneem om die Terughoudingsagent onverwyld skriftelik in kennis te stel indien die omstandighede van die voordelige eienaar na verwys in die verklaring hierbo sou verander.

Handtekening ter bevestiging van bogenoemde verklaring en onderneming:

_____ Datum: _____

(behoorlik gemagtig om te onderteken)

Hoedanigheid van ondertekenaar (indien nie voordelige eienaar nie): _____